


ISTOCK.COM/CACTUSOUP, MELISSA BARREIRO/DIE BASUIN

**Amerika Het Geen Helper Nie**

Aanslag op Amerika (Hoofstuk Sewe)

- Gerald Flurry
- 2025-02-18

*Vervolg vanaf "Om 'n Kritikus Stil Te Maak"*

Nadat Donald Trump die hele gevestigde politieke en media- orde verras het deur die 2016-verkiesing te wen, het radikale linkses 'n verraderlike komplot geloods om hom polities te vernietig. Een van hul hoofwapens was 'n spesiale raad, wat in Mei 2017 deur die Departement van Justisie aangestel is. Onder leiding van Robert Mueller het hulle begin met 'n ondersoek om "inmenging met die 2016-verkiesing" vas te stel.

Hierdie spesiale raad het nie die *demokrate* se ongrondwetlike en ander onwettige optrede ondersoek nie. Dit het die pas verkose president, donald trump, ondersoek.

Sekerlik het die meeste alledaagse Amerikaners nie geglo dat die Trump-veldtog met die Russiese regering saamgesweer het om die 2016-verkiesing te wen nie. Terselfdertyd het die meeste waarskynlik geglo en glo *steeds* dat Robert Mueller 'n eerlike ondersoek ingestel het om seker te maak dat dit die geval was. Die politieke elite en hoofstroommedia het dit beslis so uitgebeeld.

Maar dis nie waar nie, soos die feite sedertdien bewys het. En hulle wys dat al hierdie invloedryke mense DIT GEWEET het! Hulle almal het toegelaat dat dit aangaan as deel van hul eie opposisie teen Mnr. Trump en alles waarvoor hy gestaan het.

## Robert Mueller Se Twee Doelwitte

Kyk weer na die profesie van 2 Konings 14:26: "Want die HERE het gesien dat die ellende van Israel baie bitter was, want daar het niemand oorgebly nie, slawe of vrymense, en *daar was niemand om Israel te help nie*" (*Revised Standard Version*). Hierdie vers beskryf perfek die aanval wat deur die Mueller-ondersoek verteenwoordig word.

Oorweeg die feite. President Barack Obama het die agenda opgestel voordat hy sy amp verlaat het. Sy administrasie het probeer om Hillary Clinton te help om die 2016-verkiesing te wen. FBI-direkteur James Comey het 'n ondersoek teen Donald Trump geopen, die ondersoek voortgesit nádat hy as president ingehuldig is, daaroor gelieg en het boonop nog Michael Flynn verstrik en uitgedwing, wie in 'n posisie sou gewees het om te ontbloot wat die linksgesinde "diepstaat" besig was om te doen. Die Mueller ondersoek was 'n manier om voort te gaan om lede van die trump-administrasie te teiken *en* om die waarheid oor wat Obama en die ander besig was om te konkel en reeds gedoen het, te verdoesel.

Na gelang van hoe jy dit bereken, het die Departement van Justisie se ondersoek tussen 22 maande en minstens drie jaar geduur—die grootste gedeelte van die president se eerste termyn—voor dit uiteindelik afgesluit het. Hierdie mense het *jare* spandeer om druk, intimidasie en spioenasie toe te pas op diegene wat aan die president verbind is. Hulle het sy nasionale veiligheidsadviseur verstrik; het op die huis, kantoor, hotel en kluise van die president se persoonlike prokureur toegeslaan; hulle het dosyne mense geïntimideer met aanklagte en dreigemente van aanklagte. En op die ou einde het hulle *geen bewyse* van heulery tussen die Trump-veldtog en Russiese agente gelewer nie. Dit is omdat die Trump-veldtog nooit met Rusland saamgespan het nie.

Dit alles is nou openbaar gemaak. Maar min mense het die kolletjies verbind om te besef net wát hierdie feite openbaar. Hoofstroomjoernaliste het beslis nie. Hulle het voortgegaan om hierdie bedrieglike ondersoek *te bedek*.

Jy sal werklike insig net vind by ontleders buite die hoofstroom. Op die webjoernaal *Conservative Treehouse* het die ondersoekende joernalis Mark Bradman hierdie kolletjies verbind: "Robert Mueller het twee doelwitte as spesiale raadgewer gehad. Doelwit Nr. 1 was om die bedrieglike DOJ/FBI 'Stop Trump'-operasie voort te sit wat deur James Comey, Andrew McCabe en hul bemanning geïnisieer is, tegnies gesproke genaamd *Crossfire Hurricane*. Doelwit Nr. 2 was om die onwettige optrede te begrawe; en alles wat in die 'Stop Trump'-operasie plaasgevind het, te verdoesel" (30 Jan. 2021).

Daardie *tweede doelwit* is die een wat die meeste mense misgekyk het—maar dit is die belangrikste! Die Mueller-ondersoek se doel was nie net om al die aksies teen President Trump aan die gang te hou nie, maar ook om al die onwettige optrede te begrawe. Ons moet dit besef.

Mense het *geweet* dat Russiese samespanning nooit plaasgevind het nie en dat Mueller se ondersoek eintlik 'n politieke wapen was om Trump te keer. Bradman sê uitdruklik dat, in werklikheid, *almal in Washington D.C., dit geweet het!*

## Wie Het Almal Geweet?

"Hulle het almal geweet." Dit is hoe Bradman dit gestel het. "Elke persoon in elke tak van die regering en elke federale agentskap het van Mueller se ware doel geweet" (ibid). Daar was oorvloedige bewyse van wat aan die gang was onder die Obama-administrasie en wat die "diepstaat" besig was om te doen selfs nadat president Trump die amp aangeneem het. Maar Mueller en sy span het hul mag gebruik om dit te bedek en dit baie moeiliker te maak om te vind en te bewys. Almal het dit toegelaat: Hulle het 'n onwettige, verraderlike poging toegelaat om die uitslag van die 2016-verkiesing omver te werp!

Dink aan al die mense wat moes saamwerk sodat die Mueller-ondersoek so ingrypend kon wees soos wat dit was, so lank as wat dit was, en jy begin besef hoe diep hierdie korrupsie gaan.

Soos Bradman geskryf het: "Die wetgewende tak het geweet. Die geregtelike tak het geweet. Die uitvoerende tak het geweet. Die fisa-hof het geweet. … Almal in die binnekring het geweet die Mueller-ondersoek was een groot stofsuier wat al die bewyse sou opsuig wat 'n korrupte stelsel aan *"We the People"* sou ontbloot.

"Hulle het dit alles gedoen omdat die skaal van die oorspronklike skandaal so erg was dat dit byna onmoontlik vir ons nasie sou gewees het om die gevolge te kon hanteer" (ibid).

Almal wat betrokke was om daardie ondersoek toe te laat, het geweet hulle neem deel aan 'n onwettige, verraderlike poging *om die wettige uitslag van die 2016-verkiesing omver te werp. Dít* was die doel van Mueller se spesiale raad.

Wat anders kan 'n ondersoek in 'n saak met geen bewyse, iets wat nie gebeur het nie, verduidelik?

Die aandadigheid onder die politieke klas, insluitend Demokrate, Republikeine, die nuusmedia en ander, is veel dieper as wat Amerikaners besef. Die hoeveelheid mag, geld, invloed, tegnologie en intimidasie wat hulle uitoefen, is verbysterend.

Ons moet veral bekommerd wees oor daardie tweede doelwit: "om die onwettige optrede te verdoesel; en om 'n dekmantel te skep wat nodig is vir alles wat in die 'Stop Trump'-operasie plaasgevind het."

Die diepgaande korrupsie wat hierby betrokke is, word nou voor ons oë ontbloot. En dit is geprofeteer in 2 Konings 14:26. Hierdie vers gee jou 'n idee van die *omvang* van die korrupsie in Washington. Amerika se ellende is *baie bitter*, en *niemand met enige mag kan help nie.*

## Geen Helper Nie

Die wyle konserwatiewe kommentator Rush Limbaugh het Donald Trump geken. Hy het gesê dat hy hom gevra het of hy skuldig was aan die beskuldigings wat die Mueller-ondersoek as voorwendsel gebruik het. Mnr. Trump het nee gesê. Hy het gevra of hy *seker* is. Hy het gesê dat hy is absoluut onskuldig was. Mnr. Limbaugh het toe gesê: *As jy weet dit is vals, dan weet hulle dit ook.*

Mueller se spesiale raad was nie 'n wettige ondersoek nie, het Mnr. Limbaugh gesê, en Donald Trump was dalk die enigste een in Washington wat dit nie besef het nie! Hy het gesê hy het so hard as moontlik probeer om die president te oortuig dat die hele operasie 'n politieke aanval op sy presidentskap was. President Trump het geweet dat hy nie skuldig was aan die beskuldigings nie, maar hy kon nie die omvangrykheid van korrupsie in die departement van justisie en die res van die regering glo nie.

Maar dit was so korrup! Veral ná agt jaar waarin Obama die regering met geweldadigheid gevorm het. Spesiale raadgewer Mueller het *geweet* dat geen samespanning met Rusland ooit plaasgevind het nie—en amper almal anders het dit ook geweet. Die leiers by die Departement van Justisie het dit geweet. Die leiers by die FBI het dit geweet. Die direkteure van die intelligensie-agentskappe het dit geweet. Lede van die kongreskomitees, beide Republikeine en Demokrate, het dit geweet. Hulle wou almal die illusie skep dat Mueller se span na die waarheid soek, maar dit was nooit hulle bedoeling nie. Hulle het bloot hul poging tot 'n staatsgreep toesgemeer—hulle verraad teen hierdie nasie!

Hoe kon radikale al hul korrupsie stil hou? Hoekom het sommige Republikeine hulle toegelaat? Wel, *hulle leef almal volgens 'n verstandhouding in "die moeras,"* soos Washington se politieke klas dikwels genoem word. Die begrip is dit: As jy nie saamgaan met die manier waarop dinge gedoen word nie, sal die gevestigde magte verseker dat jy alles verloor! Daarom het 'n Republikeinse kongreslid byvoorbeeld Trump-ondersteuners as deel van 'n "kultus" gekenmerk. Hy het 75 miljoen Amerikaners daarvan beskuldig dat hulle in 'n kultus is—maar hy beskou die manier waarop mense in die moeras sake doen as goed en normaal. Dit is hoe siek en verwronge selfs sommige Republikeine geword het.

Hierdie mense het letterlik probeer om die regering van die land omver te werp! Om die volle prentjie te sien, sou Mnr. Trump moes besef dat hulle doel was om die waarheid te verdoesel oor wat hulle doen. Hy sou moes besef dat selfs van sy eie prokureurs deel was daarvan. Mnr. Limbaugh het gesê prokureurs soos John Dowd het vir die President gesê dat die vinnigste manier om die ondersoek te laat verdwyn, is om hulle sy samewerking te gee. Hy het dus so gedoen, wel wetende dat hulle geen Russiese samespanning sou vind nie. Maar dit het die ondersoek wettig laat blyk.

In Amerika is "onskuldig totdat jy skuldig bewys is" 'n grondbeginsel van geregtigheid. Die bewyslas rus op die beskuldiger. As iemand *u* daarvan beskuldig het dat *u* met Rusland saamspan, hoef u nie te bewys dat u dit nie gedoen het nie; die aanklaer sal moet bewys dat u dit gedoen het. In 'n blantante poging om hom te onttroon het die Departement van Justisie en die regering probeer om Donald Trump skuldig te verklaar tensy hy sy onskuld kon bewys.

Dit is waaroor die 2 Konings 14 profesie gaan. Daar was geen helper vir Israel nie! Sien *u* enige hulp? Nou is selfs Rush Limbaugh, 'n baie invloedryke man wat nie bang was om die radikaal-linkse agenda bloot te lê nie, ook dood. Daar is *niemand*, veral nie in Washington, wat 'n helper vir Israel is nie! God het President Trump gebruik, maar linkses het die verkiesing gesteel en hy is polities verban! En nie een van hierdie verskriklike skuldige elites word vervolg nie, nog minder skuldig bevind of in die tronk gesit—want selfs baie van die aanklaers en die regters is korrup!

Ons weet nou dat die Departement van Justisie en die fbi vir die fisa-hof gelieg het, maar die hof het nooit iets daaroor gesê nie. Hoekom? Want hulle is kop in een mus! Hierdie is 'n bewys van die mag van radikaal-linkses se "diepstaat".

Mnr. Limbaugh het gesê dat Trump probleme ondervind het om te aanvaar hoe diep die korrupsie werklik gaan. Maar oorweeg dit: Die radikales beheer alles—onderwys, die nuusmedia, vermaak, sosiale media, spioenasie-agentskappe—en nou, groot gedeeltes van die federale regering! Hulle kan wettelose oproermakers beskerm en 'n verkiesing steel terwyl hulle terselfdertyd jou vrye spraak blok omdat jy sê dat die verkiesing gesteel is. My seun se *Trumpet Daily*-program is deur YouTube gesensor.

Hulle het President Trump aangekla selfs nadat hy die Withuis verlaat het in 'n poging om hom te keer om ooit weer die amp te beklee. Intussen beloon hulle mense in die middel van al hierdie korrupsie, mense soos Peter Strzok, met hoogbetaalde poste en betaling.

*Dít is hoe dinge in die moeras werk* Hulle het die mag en die beheer. Hoe kan ‘n mens daarteen wen? Hoe kan mens wen as hulle selfs die verkiesing manipuleer?

Kom ons stap terug op die pad en ondersoek hoe Amerika tot hierdie punt gekom het.

## Werwing van Tegnologiemaatskappye

In ons moderne wêreld speel digitale toesig en versameling 'n groot rol in intelligensie-insameling. Internasionale konflik het 'n digitale strydruimte geword, en leiers regoor die wêreld het baie afhanklik geword van hul intelligensiedienste om te weet wat aangaan. Daardie intelligensie-agentskappe word die ruggraat van regerings.

Die vsa het van die mees gesofistikeerde intelligensiedienste en data-insamelingstegnologie ter wêreld. Diensa-toesig databasis is 'n buitengewoon kragtige instrument wat deur Amerika en sy bondgenote gebruik word. En nou kry die nsa baie van sy data *van private tegnologiemaatskappye* soos Facebook, Twitter, Google en Microsoft. Die intelligensie-apparaat het hierdie firmas as deurslaggewende vennote gewerf (sien Hoofstuk 5).

Barack Obama het hierdie vennootskap gebruik om Amerika se intelligensiedienste te bewapen. Hy was suksesvol in sy ontplooiing van ‘n sisteem wat ontwikkel was om toesig te hou oor die land se buitelandse vyande en hulle te neutraliseer en dit instede te gebruik teen sy politieke vyande binne-in Amerika.

Obama het effektief 'n *nuwe burokratiese monster* geskep uit die Departement van Binnelandse Veiligheid, die Departement van Justisie, die Federale Buro vir Ondersoek en die Kantoor van die Direkteur van Nasionale Intelligensie—'n "vierde tak van regering" vol onverkose diepstaat-burokrate wat lojaal aan hom, sy ideologie en sy doelwitte is.

“Wanneer die intelligensietak binne die regering toesig wil hou en Amerikaanse burgers wil dophou, kom hulle teen probleme te staan as gevolg van die Grondwet van die Verenigde State,” het Mark Bradman geskryf. “Hulle omseil daardie wetlike beperkings deur die intelligensie-insameling, die werklike data-ontginning te subkontrakteer en buitepartye (kontrakteurs) toe te laat om toegang te hê tot die sentrale databasis [bedoelende die groot nsa databasis]. Die regering kan nie elektroniese soektogte sonder 'n lasbrief uitvoer nie; privaat individue kan egter soek en terugrapporteer solank hulle toegang het” (26 Julie 2021).

Dit beteken dat hierdie agentskappe op enigiemand kan spioeneer wat hulle wil—selfs op Donald Trump terwyl hy die sittende president was! Hierdie burokrate het die vermoë om toegang tot u rekenaar te bekom en alles te lees wat u skryf en feitlik elke woord te hoor wat u sê. U moet besef dat daar regtig geen privaatheid meer is nie en eerlikwaar ook geen meer VRYHEID nie!

Hierdie "private" maatskappye erken nou openlik dat hulle die regering se intelligensie-agentskappe help om alle aktiwiteite op hul platforms te monitor om te identifiseer wat hulle ook al as " ekstremistiese inhoud" beskou. *Hulle definieer* ekstremisme—en dit is toevallig enigiemand met opponerende politiese besigtings! As hulle nie van u sienings hou nie—al is u die president van die land—sal hulle u sensor, u op ‘n swartlys sit, teister, selfs in die tronk gooi. Hulle het gesag oorgeneem op 'n skaal wat nog nooit tevore in hierdie land gesien is nie.

Dit is verbete wetteloosheid. Dit vertrap die grondwet, die hoogste wet van die land!

Hierdie maatskappye het nou 'n werklike wurggreep op die regering—soos Obama hulle lei.Hulle het wapens geword vir Barack Obama. Dit is waarop dit neerkom, selfs tot vandag toe. Hierdie ondemokratiese “vierde tak van regering” is buite beheer, en dit beheer die ander drie takke. En *nie een* van hierdie mense wat die vuil werk doen, is verkies nie, behalwe Barack Obama.

Hoe kon ons Amerikaners toelaat dat dit gebeur?

## Beheer van Inligting

Van al die intelligensie-agentskappe was die een wat Obama die meeste beheer oor wou hê, die fbi. Die fbi doen die binnelandse ondersoekwerk op enigiemand wat 'n sekuriteitsklaring het of benodig, so beheer oor die fbi het hom in beheer geplaas van wie toegang tot watter inligting het.

Om te waak teen magsmisbruik, word intelligensie-agentskappe se “inligting doelgerig in ‘n inperkkoepel geplaas; in wese 'n formele proses om die vloei van inligting tussen agentskappe en tussen die oorspronklike takke van die regering te blokkeer,” het Bradman geskryf (4 Julie 2021). Hierdie intelligensieburokrate kan hul inligting weggesluit hou van verkose amptenare soos hulle wil, en daar is feitlik geen toesig nie! Hulle besluit tot watter “inperkkoepel” u toegang het sodat u net die intelligensie sien wat hulle wil hê u moet sien.

Die intelligensietak het volle beheer oor wat as geklassifiseerde inligting beskou word. Daarom het hierdie “vierde tak” beheer oor die drie werklike, grondwetlike takke: uitvoerende, wetgewende en regterlike. Wanneer ander takke vir intelligensie-inligting vra, sal die agentskappe hulle dikwels voorsien met inligting waarvan sleuteldele geredigeer is om te verhoed dat hulle kan agterkom wat werklik aangaan. Hulle beheer dit, sonder toesig. Al wie die hele prent sien, is Barack Obama en sy topmanne.

Dit gee hierdie mense ongeëwenaarde beheer! Hulle het soveel mag gehad dat hulle President Trump uit deurslaggewende inligting en besluite kon hou! Trump het oor en oor probeer om mense in sleutelposisies te kry, en hierdie burokrate het hulle toegang geweier. Hulle het ongekontroleerde beheer gehad en kon hom keer.

Dit is ongrondwetlik, onwettig, wetteloos en verraderlik! Dit is *ongelooflik* dat hulle dit kan doen en daarmee kan wegkom, maar dit is presies wat hulle besig is om te doen.

## Bewapening van Intelligensie

Een artikel deur Bradman is getiteld "Die Toesig en Politieke Spioenasie-Operasies Uitgelig Deur John Durham is die Punt van die Ysberg." Hy is reg daaroor: Wat ons sien is slegs 'n *fraksie* van hierdie monsteragtige hoeveelheid korrupsie!

"Barack Obama en [Prokureur-generaal] Eric Holder het nie 'n gewapendedoj en fbi geskep nie," het Bradman geskryf; “wat hulle gedoen het, in plaas daarvan, was om die bestaande stelsel te neem en dit te reorganiseer, sodat die wapens net een kant van die politieke kontinuum geteiken het. Saam het hulle die binnelandse toesigvermoë herkalibreer, die interne spioenasiestelsels, sodat slegs hul politieke opposisie geteiken sou word” (12 Feb. 2022). Deur dit te doen, het hulle beheer oor die hele stelsel verkry, en die vrugte bewys dit. In plaas daarvan om hierdie kragtige instrumente op terroriste en ander vyande buite die land te rig, het hulle dit op hul politieke teenstanders gerig.

Hierdie mense beskou Donald Trump se Republikeinse volgelinge as *ekstremiste* wat noukeurig onder die vergrootglas gehou en ondersoek moet word. En hierdie nuwe sekuriteitstelsel wat hulle teen hulle kan gebruik, is buitengewoon kragtig.

Wat hierdie mense doen, is onbeskaamde verraad! Dit is 'n dit is ‘n oorlog met volle oorgawe teen die grondwet. Hulle is ongelooflik verworpe. En hulle het ook die seën en hulp van die media en die akademiese stelsel. Hulle haat die Grondwet en werk daaraan om dit te vernietig. As ons mense selfs net 'n bietjie van God en die Bybel geweet het, sou hulle dit kon erken.

Om wetgewende toesig oor die intelligensiegemeenskap te verseker, is 'n "Bende van Agt" geskep om top Huis- en Senaatleiers, beide Republikein en Demokrate, in te sluit. Die intelligensiegemeenskap moet nie intelligensie-insamelingsoperasies uitvoer sonder dat die meerderheid en minderheidspartye daarvan weet nie—dit is teen die wet. Die wetgewer is gemagtig om die intelligensiebedrywighede van hierdie "vierde tak" te ondersoek. "Die moderne ontwerp van hierdie toesigstelsel is gedoen om te verhoed dat skelm en/of korrupte intelligensie-operasies plaasvind," het Bradman geskryf. “Die proses is egter oorgeneem gedurende die Obama era”(ibid).

Comey en sy span het Donald Trump vir meer as 'n jaar ondersoek, en hierdie agt lede van die Kongres *het dit nooit geweet nie*. Toe Comey op 20 Maart 2017 voor die Kongres getuig het, waarom hulle hierdie geheim gehou het, het hy arrogant geantwoord dit was "as gevolg van die sensitiwiteit van die saak." Hy het in wese gesê: *Ons in agentskappe soos die FBI weet hoe om dit te hanteer. Ons het nie toesig nodig nie!* James Comey is nooit deur iemand verkies nie, en hy is nie aanspreeklik teenoor die mense nie. *Tog het die Kongres hom nooit op hierdie punt gedruk nie.* Dit is waansin. Dit is so goed soos om Satan die duiwel te nooi om jou te oorwin!

Oor Comey se opmerking het Bradman geskryf: “Die arrogansie was verstommend, en die aanvaarding deur die Kongres was genoeg om mens woedend te maak. Die spesifieke voorbeeld het egter beklemtoon hoe polities korrup die stelsel geword het. In wese het Span Obama die hele ontwerp van kongrestoesig vir hulleself toegeëien, en die Kongres het hulle net afgevee daaraan.” Dit verteenwoordig “die totale toeëiening van die hele rede waarom die Bende van Agt bestaan: om die potensiaal vir politieke bewapening van die intelligensiegemeenskap deur die uitvoerende tak uit te skakel. Die Bende van Agt-kennisgewings aan die meerderheid en minderheid van die wetgewende tak is spesifiek ontwerp om seker te maak dat dit wat James Comey erken hy gedoen het het, nooit veronderstel was om te gebeur nie” (ibid). Dit beteken hierdie “vierde tak van regering” kan doen wat ookal dit wil.

Hoe kon dit gebeur? Dit is duidelik dat die Demokrate *geweet* het van wat hierdie intelligensie-agentskappe doen—*sowel as sommige Republikeine*. Baie van hulle was self korrup!

Hoe kommerwekkend dat Amerika geen leiers het wat bereid is om op te staan vir die waarheid nie. Almal *vrees* Barack Obama—en hulle hou nie van Donald Trump nie, insluitend die meeste Republikeine.

Dit is bitter om te sien dat verkose verteenwoordigers in die Kongres die een of ander onverkiesde, arrogante, sataniese kabaal toelaat om ons land oor te neem. Dit is om van woedend te raak om 'n tiran te hê wat die intelligensie-agentskappe en die drie grondwetlike takke regeer. Nou werk hierdie mense hard om alle staatsvlak-verkiesingshervormingspogings te stop en om grondwetlike beskerming te verwyder sodat hulle verkiesings kan steel!

Hierdie kongres sal blykbaar buig vir enigiets of enigiemand wat ware mag het. Met ‘n kosbare paar uitsonderings, sal hulle nie opstaan nie omdat hulle vergelding vrees. "Nie 'n enkele persoon aan bewind sal openlik sê wat gebeur het nie," het Bradman geskryf. “Hulle is bang vir die vierde tak. Die bewyse van wat plaasgevind het, staar ons in die gesig” (ibid). Hierdie man kan dit sien.

Hierdie federale agentskappe het tesame op Amerikaners gespioeneer. Dit het alledaagse Amerikaners, joernaliste, konserwatiewes, lede van die Trump-veldtog en selfs sittende lede van die Kongres ingesluit! In 2016 was daar 'n toename van 350 persent in amptelike versoeke om die identiteite van Amerikaners te ontmasker wie se kommunikasie en ander besonderhede die regering opgespoor

het. U weet hulle het baie inkriminerende inligting gevind en dit gebruik om mense mee af te persIs dit hoekom so baie mense stilgebly het oor al hierdie kriminele aktiwiteite? Dit is die soort wêreld waarin ons leef.

’n Demokrasie wat so bestuur word, kan nie lank hou nie. As Amerikaners nie die wet en die regering *liefhet*, en daaraan vasklou nie, sal hulle daarvan gestroop word.

'n verraderlike leier kan daardie kragtige meganisme gebruik om soos 'n outokraat te regeer! Dit is presies wat Barack Obama gedoen het. Hy *het gesê* hy gaan "Amerika fundamenteel transformeer" – en dit is wat hy gedoen het. Hy het nie verduidelik wat hy daarmee bedoel het nie, maar nou kan jy aan die vrugte sien wat hy bedoel het.

## Die Bron van Mag

'n Tiran wat soos die duiwel dink, het beheer gekry oor wat oor is van die glorie en rykdom van Amerika. Die duiwel het groot mag, en hy het 'n brandende doelwit om dit wat God reeds gedoen het en besig is om te doen uit te wis. Mense wat nie naby aan God is nie, het *geen kans* teen Satan nie—en die oorgrote meerderheid mense is nogal ver van God af!

Maar as u uself na God wend, sal Hy u presies wys wat Satan doen en u die krag gee om hom te weerstaan.

Satan het die mag om groot boosheid te veroorsaak en dit nie net weg te steek nie, maar dan ander daarvan te beskuldig dat hulle dit doen. Ons het dit gesien met Obama se gebruik van die diepstaat in die algemeen en die Mueller-ondersoek spesifiek. Dit is 'n voorbeeld van die “dieptes van Satan” waaroor Jesus Christus gewaarsku het (Openbaring 2:24).'n Mens kan die werklike doel van die Mueller-ondersoek bewys; maar Satan weet dat as hy dit ingewikkeld genoeg maak sodat dit diepgaande studie vereis om dit te verstaan, die meeste mense nie daarin sal delf nie, en hy kan hulle dan sodoende mislei. Die magtige manier waarop Obama werk om die nasie te vernietig wat hy twee keer verkies is om te lei, is een van daardie “dieptes.”

Dit is hoe jy vind dat almal aan bewind *welwetende* dat die Mueller-ondersoek 'n bedrogspul was om te verdoesel wat rondom die 2016-verkiesing gebeur het, *en kennis dra van* die bedrog rondom die 2020-verkiesing— nogsteeds eis dat jy sê Mueller was heeltemal eerlik en die 2020-verkiesing was heeltemal regverdig. *Hulle* is soos 'n veragtelike godsdienskultus!

Een verstommende voorbeeld hiervan was abc-kommentator George Stephanopoulos wat tot op 'n Republikeinse senator geskree en *geëis* het dat hy sê die verkiesing was regverdig. Hulle *weet* dat baie alledaagse Amerikaners besef dat iets fout is. Hulle wil vir jou sê wat jy kan sê en selfs wat jy kan dink. En as jy nie gehoorsaam nie, sal hulle jou polities, kultureel en tegnologies verban namate hulle meer geld, invloed en mag bymekaarmaak.

U moet herken waar daardie gesindheid en daardie gees vandaan kom.

## Hoe Dit Sal Eindig

Met geen helper vir Israel nie, gaan nog meer verskriklike dinge gebeur. Ander nasies is reeds besig om Amerika te verraai, sowel as sy broedernasies Brittanje en Israel. Iran is besig om kernwapens te ontwikkel. Hulle soek vir maniere om die Verenigde State te verneder. China word meer strydlustig. Hulle is besig om Amerikaanse bondgenote soos Australië, Hong Kong en Taiwan te teiken terwyl hulle nader aan Amerika se vyande kom—deur militêre oefeninge met Iran te hou en selfs Kuba te ondersteun. Europa is toenemend vasbeslote om meer onafhanklik van Amerika te word en brei handel met China uit. Duitsland het met Rusland nagestreef deur die Nord Stream 2-pyplyn en ander maniere. Soos God geprofeteer het, gaan ons nasionale “minnaars” ons verraai en beleër (Eségiël 23). Amerika sal sonder 'n enkele helper gelaat word!

Mense kyk na Republikeine, konserwatiewe kommentators en na predikers vir *hoop*. Die realiteit is dat daar geen hoop sonder God is nie!

Satan is besig om daaraan te werk om die naam van Israel uit te wis. Die goeie nuus is, God het 'n meesterplan om ISRAEL PERMANENT TE RED—en Hy is besig om dit uit te voer. By God is daar eindelose hoop.

Die wêreld om ons is op die punt om te sterf. Bybelprofesieë toon dat dit op 'n verskriklike gewelddadige en tragiese manier sal eindig. Maar dit sal vervang word deur 'n wonderlike nuwe wêreld wat deur Jesus Christus regeer sal word. Sodra daardie wêreld hier is, sal jy nooit weer die woorde "daar was geen helper vir Israel" hoor nie, want ALLE mense *sal* Israel *wees* en in die Familie van God wees. Wat 'n inspirerende hoop!

*Word vervolg ...*